
Biblioteek- en Inligtingsdiens

Library and Information Service

# JAARVERSLAG
2016




UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

# Inhoud

**01** Inleiding . . . 3

**02** Hoogtepunte van die jaar . . . 4

**03** Ons strategiese prioriteite . . . 6

3.1 Ultramoderne ruimtes en tegnologieë . . . 6
3.2 Vaardige, diverse, aanpasbare en betrokke personeel . . . 9
3.3 Beskikbaarheid, volhoubaarheid en opspoorbaarheid van inligtingshulpbronne . . . 12
3.4 Wêreldklas-, diverse, innoverende en kliëntgerigte dienste . . . 19
3.5 Samewerkingsverhoudings met belanghebbendes . . . 27

**04** Gehaltebestuur . . . 28

**05** Slotopmerkings . . . 29

## Lede van die Biblioteekkomitee van die Senaat in 2016

| | | |
|---|---|---|
| **Voorsitter:** | Prof TE Cloete | Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie |
| **Komiteelede:** | Prof MI Cherry | Fakulteit Natuurwetenskappe |
| | Prof A Louw | Fakulteit Natuurwetenskappe |
| | Prof LC Jonker | Fakulteit Teologie |
| | Prof JL van Niekerk | Fakulteit Ingenieurswese |
| | Prof GO Sigge | Fakulteit AgriWetenskappe |
| | Prof C van der Walt | Fakulteit Opvoedkunde |
| | Prof CSU Wiysonge | Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe |
| | Mnr JA Aspeling | Registrateur |
| | Me ER Tise | Senior Direkteur: Biblioteek- en Inligtingsdiens |
| | Mnr MD Frier | Sekretaris |
| | Mnr M Rudolph | Studenteraad |



# 01. Inleiding

Soos hierdie jaarverslag sal toon, het die Biblioteek- en Inligtingsdiens (BID) van die Universiteit Stellenbosch (US), soos tevore, 'n noodsaaklike virtuele en fisiese ruimte gebied wat kliënte toegang tot inligtingshulpbronne gee en navorsingsaktiwiteite ondersteun in die strewe na die US se visie om 'n wêreldklas- navorsingsintensiewe universiteit van Afrika te wees.
Die doeltreffende uitvoering van ons aksieplanne het bygedra tot die Universiteit se oorhoofse doelwitte om toegang te verbreed, die momentum van uitnemendheid in alle aktiwiteite te behou en sosiale impak te versterk.

## Ons het in 2016 met 'n aantal voortdurende uitdagings te kampe gehad, soos:

- om die begroting vir materiaal, personeel, bedryfsvereistes en inligtingstegnologie (IT) te midde van plaaslike en wêreldwye finansiële beperkings te bestuur;
- om ons dienste by die diverse akademiese gemeenskap se veranderende behoeftes en die huidige tendens van kruisdissiplinêre akademiese navorsing aan te pas;
- om 'n innoverende en betrokke biblioteekspan te behou en met nuwe vaardighede (soos digitale geletterdheid, die digitalisering van hulpbronne en navorsingsdatabestuur) toe te rus;
- om inligtingsoorlading te bestuur en om mededingend en relevant te bly vergeleke met ander inligtingsverskaffers buite die akademiese omgewing;
- om ruimtes vir samewerking en innovasie te bied wat in kampusbehoeftes voorsien; en
- om die #FeesMustFall-studentebetogers te hanteer wat na biblioteekruimtes oorgespoel het.


# 02. Hoogtepunte van die jaar




Deur ons **inligtingsgeletterdheidsprogramme** het ons voortgegaan om tot die US se strategiese klem op studentesukses by te dra. Studentesukses impliseer holistiese ontwikkeling wat van studente lewenslange leerders maak en behels onder meer om studente met inligtingsgeletterdheid toe te rus. In hierdie verband het twee fakulteitsbibliotekarisse 'n samewerkingsprojek met dosente onderneem om inligtings- en kommunikasietegnologie (IKT) by leer en onderrig in te sluit. Die publikasie *Blended learning case studies 2015*, wat deur die US se Sentrum vir Leertegnologieë uitgegee word, het in 2016 daaroor berig.

Ons het tien **werksessies in die Navorsingsentrum** aangebied om nagraadse studente en navorsers deur die hele navorsingsproses heen te ondersteun. Dit het twee nuwe sessies ingesluit: een oor hoe om jou unieke identiteit as outeur op ORCID te bestuur ("Managing your unique author ID with ORCID") en een oor hoe om jou navorsing se aanlyn sigbaarheid te verhoog ("Increase your online research visibility"). Altesaam 349 studente en navorsers het die werksessies gedurende die jaar bygewoon.





Die **institusionele bewaarplek, SUNScholar,** het van krag tot krag gegaan. Gebruik van die bewaarplek het beduidend toegeneem: In 2016 is dit 491 931 keer besoek en 240 239 items is daarvan afgelaai. Daarbenewens het SUNScholar die 1ste plek in Afrika en 84ste plek ter wêreld ingeneem in die Julie 2016-uitgawe van die ranglys vir ooptoegangbewaarplekke. Die Ranking Web of Repositories, wat die ranglys saamstel, het 2 275 bewaarplekke wêreldwyd beoordeel.




Ons het ons **webtuiste** opgeknap om gebruikers duideliker tussen leerverrykingsdienste en gespesialiseerde navorsingsteun te help onderskei. Na aanleiding van gebruikers se terugvoer en die uitslag van webbruikbaarheidstoetse spog die webtuiste nou met 'n gewysigde struktuur en uitleg om met moderne webontwerp en gebruikers se aanlyn gedragspatrone tred te hou. Met die nuwe webtuiste, wat vir mobiele toestelle aangepas is, bly ons aan die voorpunt van die jongste webtegnologie.

Die Universiteit was van 4 tot 9 September medegasheer vir die driejaarlikse konferensie van die **Internasionale Organisasie vir die Studie van die Ou Testament (IOSOT),** die eerste een wat in Afrika gehou is. Om die geleentheid te gedenk, het die afdeling Spesiale Versamelings van die JS Gericke Biblioteek 'n unieke uitstalling van Ou-Testamentiese tekste en verbandhoudende manuskripte, onder meer seldsame boeke uit die Teologiebiblioteek, aangebied.






Die suksesvolle en inspirerende **14de Jaarlikse Biblioteeksimposium van die Universiteit Stellenbosch** was 'n verdere hoogtepunt van die jaar. Die tema was vormgewing aan die akademiese biblioteek van die toekoms deur aan te pas, te bemagtig, vennootskappe te sluit en betrokke te raak ("Shaping the academic library of the future: adapt, empower, partner, engage"). Die geleentheid, wat van 3 tot 4 November by die Stellenbosse Instituut vir Gevorderde Navorsing (STIAS) plaasgevind het, dien as platform vir biblioteekberoepslui van oor die hele land om nuwe biblioteek- en inligtingsdiensontwikkelings te bespreek. Die 133 afgevaardigdes van ongeveer 20 instellings het praatjies deur internasionale sprekers soos dr Andrew Cox (Universiteit van Sheffield, Verenigde Koninkryk), Jeroen de Boer (Biblioteekdiens van Friesland, Groningen, Nederland), Kate Robinson (Universiteit van Bath, Verenigde Koninkryk) en dr Marinus Swanepoel (biblioteek van die Universiteit van Lethbridge, Kanada) bygewoon.

# 03. Ons strategiese prioriteite

## 3.1 Ultramoderne ruimtes en tegnologieë

Biblioteke is dikwels die middelpunt van die akademiese gemeenskap, en ons is geen uitsondering nie. In ’n snel veranderende hoëronderwyslandskap, wat in ’n ommesientjie inligting skep en versprei, kan die inrigting en instandhouding van wêreldklas- akademiese ruimtes beduidend tot volgehoue en versnelde studentesukses en navorsingsuitsette bydra.

Aangesien die US Kampusvernuwingsplan ook die JS Gericke Biblioteek, die biblioteek van Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, die inligtingsentrum op die Bellvillepark-kampus sowel as die Teologiebiblioteek insluit, skep dit vir ons ’n unieke geleentheid om ons fisiese infrastruktuur te hersien. Dit sal verseker dat ons stimulerende en tegnologieryke ruimtes op alle kampusse bied, wat baie daartoe sal bydra om groepwerk te bevorder sowel as studie wat stilte en nadenke verg. Boonop sal verbeterde fisiese infrastruktuur maklike toegang tot kundige biblioteekpersoneel fasiliteer.
Die volgende paragrawe sit die spesifieke oogmerke en vordering met die opknapping van bogenoemde vier biblioteke uiteen.



# JS Gericke Biblioteek

Die opknapping van die hoofbiblioteek sal ruimtes in pas met internasionale tendense vernuwe en verfris om fasiliteite te voorsien wat vir ’n 21ste-eeuse hoëronderwysinstelling relevant en doelgeskik is.

Hiervoor het ons ’n meesterplan en geraamde begroting opgestel, en die eerste projekfase is in 2015 voltooi. Fase 2 is tans aan die gang en behels die skep van ’n nuwe ingang, sirkulasie- en sekuriteitsareas, meer plek vir biblioteekversamelings, meer studieruimtes, ’n elektroniese leeskamer, opgeknapte gespreks- en seminaarlokale, sowel as ’n opgeknapte ouditorium en studiehokkies vir nagraadse gebruik.






## Biblioteek van Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe

Die doel met die volledige opknapping van hierdie biblioteek op Tygerberg-kampus is om 'n moderne leeromgewing te skep. Dit sal hipermoderne tegnologie, 'n sentrale dienspunt, omgewings vir individuele sowel as groepleer, asook sosiale ruimtes insluit. Ons het die beplanning, kostebepaling en finansiering in 2016 afgehandel sodat werk in Januarie 2017 kan begin.

## Inligtingsentrum op Bellvillepark-kampus

Hierdie verbouing, herinrigting en opknapping sal akademiese steun versterk en nagraadse studentesukses, en die gepaardgaande navorsingsuitsette, op Bellvillepark-kampus help verbeter. Die projek maak deel uit van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe se meesterplan. Werk sal in Augustus 2017 begin.

## Teologiebiblioteek

Die voortgesette opknapping van hierdie fasiliteit – een van die oudstes op Stellenbosch-kampus – is tans in die tweede fase.

# 3.2. Vaardige, diverse, aanpasbare en betrokke personeel

Ons het teen die einde van 2016 altesaam 103 permanente personeellede en 44 studenteassistente gehad. Bedrywighede in die verslagjaar om hulle voortgesette holistiese ontwikkeling te verseker, het die volgende ingesluit:

## Personeelontwikkeling

**'n Kern- strategiese doel was om personeelvaardighede te versterk sodat ons in die akademiese gemeenskap se veranderende behoeftes kan voorsien. Dit is bereik deur:**

- bywoning van plaaslike en internasionale geleenthede soos die Online Computer Library Centre(OCLC) se streeksvergadering vir Europa, die Midde-Ooste en Afrika; die Suider-Afrikaanse Aanlyn Inligtingsvergadering (SAOIM); die konferensie van die Internasionale Federasie van Biblioteekverenigings en -instellings (IFLA); en dié van die Biblioteek- en Inligtingsvereniging van Suid-Afrika (LIASA);
- verdere studie deur vier van ons personeellede om professionele biblioteekkwalifikasies te bekom;
- bywoning van werksessies en kursusse van die Kaapse Hoëronderwyskonsortium (Eng. *CHEC*); en die US se eie Taalsentrum, Afdeling Informasietegnologie, Sentrum vir Onderrig en Leer (SOL) en Afdeling Menslike Hulpbronne;
- bywoning van noodhulpkursusse en opleiding vir veiligheidsverteenwoordigers; en
- 11 ontwikkelingsure oor verskeie onderwerpe, waaronder velkanker, rugsorg, linkerbrein- teenoor regterbreinfunksionering, maniere om emosionele welstand te verbeter, unieke aspekte van die werk van Spesiale Versamelings (JS Gericke Biblioteek) en die Dokumentasiesentrum vir Musiek (Musiekbiblioteek), sowel as twee transformasiewerksessies.





# Personeelpublikasies en -aanbiedings

'n Aantal publikasies en aanbiedings in die loop van 2016 het nogmaals bevestig watter hoë aansien ons personeel plaaslik sowel as internasionaal geniet. Hier is 'n paar hoogtepunte:

- **Du Plessis, Pieter.** 2016. *Sharing is caring: law library-faculty collaboration to enhance student information literacy.* Aanbieding by die 13de Suider-Afrikaanse Aanlyn Inligtingsvergadering.
- **Gibson, Hilton.** 2016. *DSpace for libraries [A presentation on starting an institutional repository using the DSpace software system].* Werksessie oor versterking van IT-netwerkgebruik in biblioteke, gesamentlik aangebied deur Sabinet en TENET (Johannesburg).
- **Klapwijk, Wouter.** 2016. *The Library (Big) Data scientist [Virtual presentation to the IFLA New Professionals Special Interest Group (NPSIG) and Continuing Professional Development and Workplace Learning (CPDWL) Section on Big Data in Libraries].* Webseminaar deur IFLA/Amerikaanse Biblioteekvereniging met die tema "Big Data: new roles and opportunities for new librarians".
- **Maré, Heila.** 2016. *Facilitating research skills for first year missiology students: the value of collaboration.* Aanbieding by die 9de jaarlikse Akademieskap van Onderrig en Leer-konferensie.
- **Reynolds, Celeste & Frier, Mark.** 2016. *The distant past as it creates current research which enlightens.* Plakkaataanbieding by LIASA-konferensie.
- **Reynolds, Celeste & Frier, Mark.** 2016. *Special Collections at JS Gericke Library, University of Stellenbosch: unique collections unlocked.* Plakkaataanbieding by LIASA-konferensie.
- **Roux, Marié.** 2016. *Stellenbosch University's ORCID integration: an overview.* ORCID Suid-Afrika-werksessie 2016.
- **Simango, Samuel.** 2016. *Information literacy: a misnomer?* Referaat gelewer by LIASA-konferensie.
- **Simango, Samuel.** 2016. Of Roses, Names and Legal Research. *Organisation of South African Law Libraries Newsletter.* 27(4):3-5.
- **Simango, Samuel.** 2016. Of Star Wars and Librarians. *Organisation of South African Law Libraries Newsletter.* 27(2):4-6.
- **Simango, Samuel**. 2016. The Quest to Identify Legal Information Literacy. *Organisation of South African Law Libraries Newsletter.* 27(1):2-3.
- **Tise, Ellen.** 2016. *Libraries in a Brave New World – Global and Open.* Referaat gelewer by die konferensie van die Libanese Biblioteekvereniging, Beiroet, Libanon.
- **Tise, ER & Raju, R.** 2016. Open Access, in L Bultrini, S McCallum, W Newman, J Sempéré (reds.). *Knowledge Management in Libraries and Organizations.* IFLA-publikasie 173. Berlyn: De Gruyter Saur. 65-77.
- **Van Wyk, Elbie.** 2016. *The Stellenbosch InfoLit story.* Aanbieding by die Wes-Kaapse InfoLit-dag.

# Gemeenskapskakeling, sosiale impak en personeelwelwees



Ons het in vennootskap met die US se Welweeskantoor en ander rolspelers ons personeel aangemoedig om aan fiksheids- en uitreikaktiwiteite deel te neem, onder meer die Pretstap vir US-personeel, die Toasties for Tummies-projek, aktiwiteite op Loslitdag, die US Sportdag, die Bread Tags for Wheelchairs-inisiatief sowel as skenkings aan die Santa Shoebox-projek. Personeellede het ook geld ingesamel vir sewe verwarmers, wat hulle aan die US se Werksentrum oorhandig het.

Die US se Werksentrum ontvang verwarmers van ons ruimhartige personeel.

In 'n ander uitreikhoogtepunt het ons personeel vir Mandeladag 25 handgebreide komberse aan die 67 Blankets-projek van die Nelson Mandelastigting geskenk. Kwesbare vroue by die Philisa Abafazi Bethu-sentrum vir vroue en kinders in Lavender Hill het die kleurryke komberse ontvang.




Ontvangers van die handgebreide komberse wat vir Mandeladag geskenk is.



# 3.3. Beskikbaarheid, volhoubaarheid en opspoorbaarheid van inligtingshulpbronne

## Elektroniese hulpbronne

Ons het sowat 90% van die jaar se materiaalbegroting van R77 576 989 aan elektroniese hulpbronne bestee. Danksy die 127 databasisse en tydskrifpakkette waarop ons ingeteken is, kon ons US-biblioteekgebruikers toegang tot sowat 206 800 vaktydskriftitels gee. Hierdie getal het oor die afgelope dekade bykans sewevoudig toegeneem van 'n skrale 30 000 in 2007 (sien figuur hieronder).




***Figuur 1: Voltekstydskrifte beskikbaar via ons webtuiste, 2007-2016***

Die akademiese gemeenskap het ons elektroniese hulpbronne weer goed benut, soos die volgende tabel toon. Altesaam 1 575 122 volledige tekste is van die tien gewildste databasisse alleenlik afgelaai – byna 300 000 meer as in 2015.


**Tabel 1:** Gewildste tien databasisse volgens volledige tekste afgelaai
**(Die hoeveelheid volledige tekste afgelaai in 2016)**

| | |
|---|---|
| 638 767 | ScienceDirect |
| 174 747 | JSTOR |
| 174 095 | Wiley Online Library volledige versameling |
| 131 013 | Legal Scholarship Network (LSN/SSRN) |
| 113 776 | Springer/Kluwer-voltekstydskrifpakket |
| 96 585 | Taylor and Francis-tydskrifversameling |
| 70 946 | Academic Search Premier |
| 66 846 | UpToDate |
| 55 350 | LexisNexis regsdatabasis, Suid-Afrika |
| 52 997 | Business Source Premier |
| 1 575 122 | Volledige tekste afgelaai in 2016 |

Weens die moeilike finansiële omstandighede – veral die impak van die randwisselkoers, en die noodsaaklikheid om vanaf 2016 vir 14% BTW op ingevoerde elektroniese hulpbronne te begroot – moes ons ongelukkig ons intekening op 12 databasisse en 147 vaktydskrifte kanselleer om binne begroting te bly. Tog is ons hooffokus steeds om die Universiteit se akademiese strewes te ondersteun. Daarom het ons sorgvuldig te werk gegaan om op strategiese kernhulpbronne ingeteken te bly én toe te sien dat gebruikers voltydse toegang daartoe het.

# Boeke

Aangesien ons boekbegroting vir 2016 met 50% besnoei is, kon ons slegs 4 161 nuwe gedrukte boeke teen 'n totale waarde van R3 312 847 aankoop. Ons het ook 4 591 boekskenkings ontvang, en kon dus die boekversameling met altesaam 8 752 uitbrei, vergeleke met 11 508 in 2015 (sien figuur hieronder). Daarbenewens het ons 138 elektroniese boeke ter waarde van R349 511 aangekoop, wat ons met R60 000 uit ons reserwes aangevul het om die elektroniese boekversameling 'n hupstoot te gee.





***Figuur 2:*** *Grootte van gedrukte boekversameling, 2006-2016*

# Die gebruik, uitbreiding en tentoonstelling van spesiale versamelings

Ons Afdeling Spesiale Versamelings bestaan uit die Dokumentesentrum, die Beskermde Versameling en die Africana-versameling by die JS Gericke Biblioteek, en die Dokumentasiesentrum vir Musiek (DOMUS) by die Musiekbiblioteek. DOMUS is gedurende 2016 ten volle by die Biblioteek ingelyf. Boonop geniet DOMUS nou 'n simbiotiese verhouding met die pas gestigte Africa Open-instituut vir Musiek, Navorsing en Innovasie.

Spesiale Versamelings het steeds as 'n waardevolle inligtingsbron vir nagraadse en nadoktorale navorsing sowel as vir verskeie publikasies en konferensieaanbiedings gedien. Hier is van die navorsingsuitsette wat sodoende die lig gesien het:

- **Elliott, Peter.** 2015. *Nita Spilhaus (1878 -1967) and her artist friends in the Cape during the early twentieth century.* (Dokumentesentrum, Nita Spilhaus-versameling)
- **Geldenhuys, Gerhard.** 2016. 'n Kwartierstaat vir Maggie Laubser. *Capensis: Quarterly Journal of the Western Cape Branch of the Genealogical Society of South Africa,* 3:31-40. (Dokumentesentrum, Maggie Laubser-versameling)
- **Giliomee, H.B.** 2016. *Hermann Giliomee: historikus: 'n outobiografie.* (Dokumentesentrum, Hermann Giliomee-versameling, sowel as omvattende gebruik van die Africana-versameling)
- **Oey, Hin.** 2016. Drentse onderwijzers emigreren in 1852. *Drents genealogisch jaarboek,* 23. (Dokumentesentrum, André Pretorius-versameling, sowel as die Africana-versameling)
- **Roos, Hilde.** 2016. Briewe aan 'n diva: die verswyging van gay-identiteit in Gordon Jephtas se briewe aan May Abrahamse. *Litnet Akademies,* 13(1), Januarie. (DOMUS, Eoan-versameling)
- **Schoeman, Karel.** 2016. *Swanesang: die einde van die Kompanjiestyd aan die Kaap 1771-1795.* (Africana-versameling)
- **Naude, Anton.** 2016. *Die geskrifte van Johann Buhr: 'n ligte satiriese aanslag.* 'n Rolprent van ongeveer 50 minute oor die lewe van Johann Buhr. (Dokumentesentrum, Buhr- en Giliomee-versamelings)
- **Cilliers, Pieter & Hofmeyr, Hendrik.** 2016. *Shirt of fire / Hemp van vlam.* 'n Eenvrou-opera, met Pieter Cilliers as skrywer en prof Hendrik Hofmeyr as komponis, wat die poësie en kuns van die gevierde Suid-Afrikaanse digter Sheila Cussons verken. Twaalf gedigte uit Cussons se oeuvre dien as intrige en dialoog. *Shirt of fire / Hemp van vlam* is op Maandag 21 November 2016 in die Kaapstadse Internasionale Konferensiesentrum uitgevoer, gevolg deur 'n oop gesprek met die kunstenaars en ander kenners. Mezzosopraan Jolene McCleland en klarinetspeler Visser Liebenberg is begelei deur José Dias, bekende pianis en afrigter van die Kaapse operageselskap. (Dokumentesentrum, Sheila Cussons-versameling)



Wat nuwe toevoegings tot Spesiale Versamelings betref, het ons Dokumentesentrum ’n skenking van **dr Hans Fransen** ontvang. Dr Fransen is ’n kuns- en argitektuurhistorikus en skrywer van boeke oor Suid-Afrikaanse argitektuur wat die gedagtes prikkel, waaronder die invloedryke *The old houses of the Cape en The old buildings of the Cape.* Die skenking sluit verskeie dokumente, foto’s en skyfies in wat ’n waardevolle bydrae tot die bestaande James Walton-volksboukundeversamelings lewer.

Dan het DOMUS die **Denis-Constant Martin-versameling** bekom, wat uit prof Martin se navorsing oor Kaaps-Maleise musiek (die musiek van die Kaapse Klopse en die Maleierkore) bestaan. Benewens die onderhoude wat Martin tussen 1994 en 2015 gevoer het, sluit die versameling ook items van die musiekskool Music Action for People’s Progress (MAPP) in.

’n Verdere skenking aan DOMUS bestaan uit meesterkopieë (tolbande) van opnames van die legendariese Afrikaanse musikant **Anton Goosen** deur die gerekende klankingenieur Peter Pearlson. Die Peter Pearlson-versameling is ’n waardevolle toevoeging tot DOMUS se bestaande Anton Goosen-versameling.



Ons het die aanbod van ons Afdeling Spesiale Versamelings nie net op groot skaal benut en uitgebrei nie, maar dit ook ten toon gestel by verskeie geleenthede en uitstallings waarby die groter publiek en, in sommige gevalle, ook die skeppers van die inhoud betrokke was. Die volgende tabel bied 'n chronologiese oorsig van geleenthede en uitstallings wat ons in 2016 aangebied het:

**Tabel 2:** Geleenthede en uitstallings wat ons spesiale versamelings ten toon gestel het

| Geleentheid/uitstalling | Datum | Kort beskrywing |
|---|---|---|
| Jaarlikse Woordfeeslesing | 4 Maart | 'n Persoonlike gesprek met die voormalige uitgewer en kontemporêre skrywer Kerneels Breytenbach oor sy lewe en werk, gevolg deur 'n uitstalling in ons Dokumentesentrum |
| Suidoosterfees-rolprentvertoning, Kunstekaap, Kaapstad | 28-29 April | Vertoning van regisseur Lisba Vosloo se Eoan - *Ode aan die Opera-era / Ode to the Opera Era,* wat deels op dokumente uit DOMUS se Eoan-versameling gegrond is |
| Stellenbosch-kunswedstryd | 5 Junie | Uitstalling van items uit DOMUS se Stellenbosch-kunswedstrydversameling by die pryswennersgedenkkonsert om die 80ste bestaansjaar van dié geleentheid te vier |
| Vyfde jaarlikse Frederik Van Zyl Slabbert-gedenklesing | 4 Augustus | Lesing deur dr Adrian Enthoven, uitvoerende voorsitter van die privaat beleggingsgroep Yellowwoods, vergesel van 'n klein uitstalling van foto's en oorspronklike dokumente uit ons Frederik Van Zyl Slabbert-dokumentversameling |
| *Archive in Process: Unpacking the Hidden Years Music Archive* | 1-9 November | 'n Uitvoerende werk deur nadoktorale navorser dr Lizabé Lambrechts oor die aktiwiteite van 'n argivaris, wat in die voorportaal van die Musiekbiblioteek aangebied is en 'n oorsig gebied het van DOMUS se *Hidden Years Music Archive Project*(HYMAP) versameling. |
| Anton Goosen se 70ste verjaardag | 14 November | Optrede deur en gesprekke met musikant Anton Goosen, vergesel van fisiese en aanlyn uitstallings van dokumente uit sy versameling wat in DOMUS bewaar word www.sun.ac.za/afrikaans/Lists/news/DispForm.aspx?ID=4415 |
| Gedenkseminaar ter ere van die gevierde trekklavierspeler Nico Carstens | 23 November | 'n Middag van musiek en gesprek oor Carstens se werk nadat hy op 1 November in die ouderdom van 90 oorlede is, onder meer 'n tentoonstelling van sy versameling wat in 2012 aan DOMUS geskenk is www.sun.ac.za/english/ Lists/news/DispForm.aspx?ID=4519 |



## Opspoorbaarheid van hulpbronne

Ons het aan die begin van 2016 ’n strategiese besluit geneem ter voorbereiding op die inwerkingstelling van ’n sogenaamde nuwegenerasie-biblioteekbestuurstelsel, Alma, in 2017. Gevolglik het ons ’n omvattende projek met ’n hele aantal van ons personeel van stapel gestuur om oor die suksesvolle oorskakeling na die nuwe stelsel toesig te hou. Na oorskakeling sal ons ons sake-prosesse oor die volgende paar jaar verder kan stroomlyn om met die jongste tegnologie tred te hou en die opspoorbaarheid van ons hulpbronne te verbeter.

**Die opknapping van die koordlose netwerk in die JS Gericke Biblioteek was ’n verdere voorrangsaak. Hierdie intervensie sal gebruikers op enige tyd en enige plek toegang tot die volle spektrum van mobiele biblioteekdienste bied.**

**Opknappings sal in 2017 voortduur.**

# 3.4 Wêreldklas-, diverse, innoverende en kliëntgerigte dienste

Ons ondersteun die Universiteit se strewe na studentesukses en navorsingsuitnemendheid. Daarom het ons voortgegaan met strategiese aksies om in ons kliënte se veranderende behoeftes te voorsien, en om met fakulteite en akademiese steundienste saam te werk om e-leer- en navorsingsteun te versterk. Die volgende paragrawe bied 'n samevatting van hierdie werksaamhede:


## E-leer

Ons het vennootskappe met die fakulteite Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Natuurwetenskappe, Lettere en Sosiale Wetenskappe, en Opvoedkunde gesmee om e-leer aan hulle voorgraadse studente te voorsien. Fakulteitsbibliotekarisse het kurrikulumgeïntegreerde e-modules in inligtingsgeletterdheid vir Openbare en Ontwikkelingsbestuur 314, Kurrikulumstudie 178 en Inligtingsvaardighede 172 en 174 opgestel. Altesaam 2 684 voorgraadse studente het in 2016 assessering in hierdie modules voltooi. Steeds op voorgraadse vlak, het ons geleenthede vir gemengde leer aan studente in Ondernemingsbestuur 142, Ou en Nuwe Testament 144, Praktiese Teologie en Missiologie 142 sowel as Bedryfsielkunde 152 gebied. Hiervoor het ons kurrikulumverwante biblioteekgidse of PowerPoint-aanbiedings aan die studente se onderskeie e-leerplatforms gekoppel.

Op nagraadse vlak het ons met die Nagraadse Kantoor saamgewerk om e-leermateriaal te help skep wat oor die volgende twee jaar met ander universiteite gedeel sal word. Dit maak deel uit van die Europese Unie se Erasmus+-projek getiteld "Enhancing Postgraduate Environments" (EPE). EPE word deur 'n drie jaar lange toelaag van die program Capacity Building in the Field of Higher Education (CBHE) gefinansier. Om nagraadse steun verder te versterk, het fakulteitsbibliotekarisse ons gereelde nagraadse en navorseropleidingsessies aangevul met aanbiedings in hulle onderskeie fakulteite op datums en tye, en oor onderwerpe, wat die fakulteite self pas. Dít, tesame met ander pogings, het die getal nagraadse studente wat generiese opleiding ontvang het van 652 in 2015 tot 1 049 in 2016 verhoog.



Ons biblioteekgidse het studente ook steeds waardebelaaide e-leer- en navorsingsteun in 'n IKT-verrykte omgewing gebied. Die gidse (sien figuur hieronder) is in 2016 altesaam 202 057 keer besigtig (vergeleke met 168 064 in 2014), waarvan 14 951 besigtigings (dit is, 7%) vanaf mobiele toestelle was (teenoor 5 702, of 3%, in 2014).




***Figuur 3:*** *Totale besigtigings van biblioteekgidse, 2014-2016*

Volgens die lys van die 20 gewildste biblioteekgidse van 2016 in die tabel hieronder het navorsingsteungidse die meeste aftrek gekry, en bevat die toptien agt van hierdie soort gidse (soos dié oor doeltreffende inligtingsopsporing , die navorsingsproses, en die nagraadse en navorsersgids). Interessantheidshalwe toon mobiele en gewone besigtigings soortgelyke tendense, wat bevestig dat gebruikers toegang tot betroubare e-leermateriaal nodig het, ongeag tyd of plek. Vakspesifieke biblioteekgidse was ook steeds gewild.

## **Tabel 3:** Gewildste biblioteekgidse in 2016

| BIBLIOTEEKGIDS | TOTALE BESIGTIGINGS (en plek op ranglys) | MOBIELE BESIGTIGINGS (en plek op ranglys) |
|---|---|---|
| Doeltreffende inligtingsopsporing, -toegang en -gebruik: 'n stapsgewyse gids *(How do I find, access and use information effectively: a step-by-step guide)* | 62 281 (1) | 2 252 (3) |
| Regs- & regeringspublikasies *(Law & government publications)* | 24 613 (2) | 1 092 (4) |
| Die navorsingsproses *(The research process)* | 16 116 (3) | 4 187 (1) |
| Gids van Suid-Afrikaanse musiekversamelings *(Directory of South African music collections)* | 9 783 (4) | 2 570 (2) |
| RefWorks | 8 608 (5) | 51 (24) |
| Verwysingstegnieke *(Referencing)* | 8 108 (6) | 95 (16) |
| Nagraadse en navorsersgids *(Postgraduate and researcher guide)* | 7 125 (7) | 207 (9) |
| Opvoedkunde *(Education)* | 6 270 (8) | 29 (32) |
| Waar om jou navorsingsartikel te publiseer *(Where to publish your research article)* | 5 409 (9) | 880 (5) |
| Google en Google Scholar | 5 075 (10) | 824 (6) |
| Chemie & Polimeerwetenskap *(Chemistry & Polymer Science)* | 3 959 (11) | 106 (14) |
| Sielkunde *(Psychology)* | 3 406 (12) | 104 (15) |
| Mendeley | 3 207 (13) | 48 (26) |
| Teologie *(Theology)* | 2 902 (14) | 62 (20) |
| Bibliometrie en sitaatontleding *(Bibliometrics and citation analysis)* | 1 771 (15) | 120 (12) |
| E-boeke *(E-books)* | 1 732 (16) | 180 (10) |
| Politieke Wetenskap *(Political Science)* | 1 637 (17) | 44 (28) |
| Bedryfsielkunde *(Industrial Psychology)* | 1 624 (18) | 385 (8) |
| Ondernemingsbestuur *(Business Management)* | 1 600 (19) | 186 (11) |
| Besigheidsadministrasie *(Business Administration)* | 1 493 (20) | 398 (7) |

**Om die biblioteekgidsaanbod verder te versterk, het fakulteits- en takbibliotekarisse in 2016 met dosente saamgewerk om modulespesifieke vakblaaie te skep om studente met hulle werkstukke in byvoorbeeld Sielkunde 348, Staatsreg 271 en Taal- en Denkvaardighede 114 te help. Fakulteits- en takbibliotekarisse het ook begin ondersoek instel na die moontlike integrasie van biblioteekgidse by spesifieke kursusmodules op SUNLearn om biblioteeknavorsingsbystand te bevorder.**

# Navorsingsteun

**Bibliometriese dienste**

Om fakulteitsbibliotekarisse se bibliometriese dienste (artikel-, outeur- en tydskrifontleding) beter te bemark, het ons 'n nuwe webblad vir navorsingsimpak ontwerp. Dit sal ons bibliometriese dienste met bedryfsontwikkelings help tred hou en ook verseker dat fakulteite gereelde bibliometriese verslae van 'n eenvormige standaard ontvang.

**Unieke outeursidentifikasiestelsel – ORCID**

Ons het die unieke outeursidentifikasiestelsel ORCID met welslae in 2016 geïmplementeer. Aangesien die Universiteit 'n ORCID-lid is, kan integrasie met ander stelsels op kampus nou volg. As 'n eerste stap moes ons sorg dat navorsers hulle ORCID-identiteit aan hulle Universiteit Stellenbosch-identiteit koppel. Hierdie proses het in Mei begin. Teen die einde van 2016 het bykans 1 000 kliënte hulle ORCID-identiteite gekoppel (sien figuur hieronder), onder andere 31% van ons akademiese personeel.




***Figuur 4:*** *Getal gekoppelde ORCID-identiteite per fakulteit*


# Biblioteeknavorsingsweek

Die tema van ons vierde Biblioteeknavorsingsweek was “Verfyn jou navorsing”. Die doel was om ontluikende US-navorsers en nagraadse studente met praktiese kennis van stelselmatige literatuurstudies sowel as kopieregsake toe te rus. Ons wou ook klem lê op hulle navorsingsvoetspoor en die belang daarvan om die publiek by hulle werk te betrek. Die geleentheid, wat in Julie plaasgevind het, het nuwe navorsers boonop aan ORCID en die voor- en nadele van bibliometrie in die akademie bekend gestel.

**Spesiale Versamelings het ’n belangrike deel van die geleentheid uitgemaak en vir die volgende hoogtepunte gesorg:**

- Die amptelike opening met gasspreker **prof Brian Huntley.** In sy praatjie oor sy jongste boek, *Exploring a sub-Antarctic wilderness: a personal narrative of the first biological & geological expedition to Marion and Prince Edward Islands 1965/1966,* het hy die gehoor van sy navorsingservarings oor die afgelope vyf dekades vertel.
- ’n Etensuurboekbespreking van *Unknown Van Gogh* deur die bekende skrywer **Chris Schoeman.** Schoeman is ’n gereelde navorser in ons Africana-afdeling.
- Die amptelike afsluiting by die Musiekbiblioteek in samewerking met DOMUS, waar **prof Stephanus Muller** meer vertel het oor sy pryswennerbiografie van die komponis Arnold van Wyk, *Nagmusiek.* Dit is vergesel van ’n uitstalling saamgestel uit die Arnold van Wyk-versameling in Spesiale Versamelings en Muller se persoonlike argief.

**Die week se bedrywighede het ook inligtingsgeletterdheid en e-leer versterk: Ons het alle werksessies opgeneem, en benewens die 426 nagraadse studente en navorsers wat die geleenthede fisies bygewoon het, het ’n verdere 418 op YouTube na die opnames gekyk.**




Van links na regs: Prof Eugene Cloete, Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies, prof Brian Huntley, gasspreker, en me Ellen Tise, Senior Direkteur van die Biblioteek- en Inligtingsdiens, by die amptelike opening van die Biblioteeknavorsingsweek.

# Digitale akademieskap

Ons ooptoeganginisiatiewe het die afgelope jaar beduidend gegroei, en voortgegaan om navorsing aan die Universiteit te ondersteun.

**Die SUNJournals-aanbod** bestaan nou uit 24 oop tydskrifte nadat ons gedurende 2016 die *South African Heart Journal* (wat by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding geakkrediteer is), *die Journal of Student Affairs in Africa* en die nuwe *South African Journal of Pre-Hospital Emergency Care* bygevoeg het. Altesaam 91 navorsingsuitsette van die Universiteit Stellenbosch het ook in die tydskrifte op hierdie platform verskyn. Gebruikspatrone toon gemiddeld 300 tot 500 besoeke per maand vir kleiner tydskrifte soos *African East Asian Affairs*, en 2 500 tot 3 000 maandelikse besoeke vir groter, meer gevestigde tydskrifte soos *South African Journal of Industrial Engineering.*

Ons het vyf oop konferensies op die **SUN-Conferences-platform** aangebied. Die institusionele bewaarplek, **SUNScholar**, het ook aanhou groei. In 2016 is 1 052 tesisse en verhandelinge sowel as meer as 1 000 nuwe en terugskouende US-navorsingsartikels daarop geplaas.

Die erfenisversamelings van **SUNDigital Collections** is met 2 798 items uitgebrei, en sluit nou ook die Suid-Afrikaanse Joodse musiekartikelversameling in, sowel as 'n manuskripversameling waarin Stellenbosse grondeienaars van 1693 tot 1860 opgeteken is. Ons het boonop die bestaande James Walton- en *Bells of the Western Cape*-versameling met bykomende foto's en illustrasies aangevul. Die platform bevat tans 7 657 items in 26 versamelings. In 2017 sal ons toesprake en artikels uit die Frederik Van Zyl Slabbert-versameling byvoeg wat ons in 2016 gedigitaliseer het.

In aansluiting by die tema van Internasionale Ooptoegangweek, "Open in action", het ons in Oktober ons eie **ooptoeganginisiatiewe** ten toon gestel. Dit het die aanbieding getiteld "Evaluating research output, impact, collaborations and trends in open access" deur Melissa Badenhorst van WorldWide Information Services ingesluit. Ons het ook 'n veldtog van stapel gestuur om gebruikers van ons verbeterde ooptoegangblog bewus te maak. Die blog bevat inligting oor ons ooptoeganginisiatiewe sowel as algemene ooptoegangnuus en -artikels.

Laastens het ons **Ooptoegangpublikasiefonds** steeds US-navorsers gehelp om in ooptoegangtydskrifte van gehalte te publiseer deur in 2016 die publikasiekoste van 99 artikels ter waarde van R1 692 522 te betaal. Dit bring die totale getal artikels wat sedert 2009 gefinansier is op 459 te staan.





## Navorsingsdatabestuur

Ons is voortdurend op soek na nuwe en innoverende maniere om die navorsingsagenda en  werkvloei te ondersteun. Daarom het ons aan ’n institusioneel gekoördineerde IKT-taakgroepondersoek deelgeneem om te bepaal watter digitale infrastruktuur en steundienste nodig is om die mees doeltreffende en samewerkende wetenskaplike navorsing te fasiliteer. Hiervoor het ons onder meer ons rol in navorsingsdatabestuur ontleed en ’n toegewyde ruimte op ons webtuiste geskep om beste praktyke en riglyne aan navorsers oor te dra.

Om op hoogte van ontwikkelings op die gebied van navorsingsdatabestuur (NDB) te bly, het ons ’n slypsessie vir personeel gereël. ’n NDB-kenner van die Universiteit van Sheffield het as fasiliteerder opgetree. Ons het ook toepaslike sagtewareoplossings vir NDB-dienste begin ondersoek. Daarbenewens het ons saam met ander navorsingsteunafdelings op kampus gewerk aan die Universiteit se bydrae tot ’n gesamentlike voorlegging deur Wes-Kaapse hoëronderwysinstellings aan die Departement van Wetenskap en Tegnologie (DWT) en die Data-Intensiewe Navorsingsinisiatief Suid-Afrika (DIRISA).

Dit was in antwoord op die DWT en DIRISA se versoek vir voorstelle om ’n tweedevlak-datanodus te skep wat wetenskaplike navorsing sal ondersteun. Vir die voorlegging moes ons ’n voorgestelde strategie vir die implementering van NDB-dienste opstel, wat onder meer die verkryging en installering van ’n pasgemaakte sagtewareoplossing behels.



## Oop navorsing

Danksy ons uitgebreide ervaring as 'n voorstander van oop toegang kon ons waardevolle bydraes lewer by 'n hoëvlakvergadering om 'n Witskrif op Wetenskap en Tegnologie te help skryf. Die wetgewer sal die Witskrif in 2017 oorweeg. Die doel van hierdie inisiatief deur die Wetenskapakademie van Suid-Afrika (ASSAf), die DWT en DIRISA was om 'n stel aanbevelings oor datauitruiling en oop wetenskap op te stel.

Dit sal die opstellers van die Witskrif uiteindelik help om die land se navorsing- en innovasiestelsel uit te bou. Die vergadering het die hoëronderwyssektor en wetenskaprade die geleentheid gebied om die pad vorentoe te bespreek ten einde 'n oorkoepelende oopwetenskapraamwerk tot stand te bring, en dit deel van die nasionale regering se strategie te maak.

# 3.5 Samewerkingsverhoudings met belanghebbendes

Ons het ons vennootskap voortgesit met die Suid-Afrikaanse Nasionale Biblioteek- en Inligtings-konsortium (SANLiC), wat ons in 2016 sowat R118 miljoen in intekengeld help spaar het. In die lig daarvan dat SANLiC-jaargeld 'n skrale R173 000 was, is dié vennootskap deur en deur die moeite werd.

Daarbenewens het ons die OCLC se eerste Suid-Afrikaanse vennoot geword toe ons aan die begin van die verslagjaar by die Navorsings-biblioteekvennootskap (Eng. ORLP) aangesluit het. Die ORLP is 'n wêreldwye alliansie van 170 eendersdenkende biblioteke wat streef na samewerkende innovasie om bedryfsprosesse doeltreffender te maak en nuwe, unieke dienste tot stand te bring. ORLP-lidmaatskap bied ons:

- die geleentheid om met instellings met wie ons dryfvere gemeen het, saam te werk om kwessies oor veranderende argitektuur, werkvloei en dienste te hanteer;
- uitnodigings na werkgroepe, programme, opvoedkundige geleenthede en simposiums;
- 'n platform om saam met kollegas van verskillende nasies en sektore gemeenskaplike belange te bevorder, versamelings te deel en hulpbronuitruilvermoëns te versterk; en
- beter bestuur van die Universiteit se kulturele en vakkundige rekord.





# 04. Gehaltebestuur

Met ons vyf weke lange LibQUAL-gebruikersopname wou ons die gehalte van ons dienste en fasiliteite bepaal en met beste praktyke elders vergelyk. Ons wou ook beter verstaan wat ons studente en personeel verwag, sodat ons ons dienste dienooreenkomstig kan verbeter.

5,10%

Altesaam **1 604** gebruikers het die opname voltooi met 'n deelnamekoers van **5,10%**

**Volgens die resultate heg respondente besonder baie waarde aan moderne toerusting wat hulle maklike toegang gee tot die inligting wat hulle nodig het. Ons paraatheid om op gebruikers se navrae te reageer het die hoogste telling ontvang, terwyl tuis- of kantoortoegang tot e-hulpbronne uitgewys is as die gebied wat die dringendste verbetering verg.**

**Ons vaar goed vergeleke met ander nasionale en internasionale akademiese biblioteke se LibQUAL-resultate en het reeds aksieplanne opgestel om aandag te skenk aan gebiede wat verbeter kan word.**

# 05. Slotopmerkings

## Ons werksaamhede is in 2016 gerig op ons visie om ’n wêreldklas- en innoverende inligtingsdiens te wees wat ruimtes vir samewerkende leer sowel as uitstekende hulpbronne bied om die Universiteit se onderrig-, leer- en navorsingsaktiwiteite te ondersteun.

Ons opregte dank gaan aan die Universiteitsbestuur, prof Eugene Cloete (Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie), alle dekane van fakulteite, en die Biblioteekkomitee van die Senaat vir hulle ondersteuning en belangstelling. Ons toegewyde personeel se harde werk en voortgesette toewyding was ook onontbeerlik vir die hoë vlak van innoverende kliëntediens wat ons in 2016 bereik het.



Ons sien uit na die jaar wat voorlê omdat ons weet

**“fantastiese biblioteke maak fantastiese universiteite, ... want alles wat hier begin, verander die wêreld – een student, een personeellid, een navorser, een intellek op ’n slag”.**

**- Dr Lorraine J Haricombe,**
Adjunkhoof en Direkteur: Universiteit van Texas-biblioteke, 2015.